# Taffienuus: Julie 2024

**Beste Tafelberg-Fotografieklub-lede**

Die jaar stap aan – maar met elke nuwe dag is daar nuwe geleenthede om aan te gryp. Vir elke nuwe seisoen en elke nuwe dag is daar nuwe moontlikhede om jou lewe te vul. Daar is ook nuwe foto geleenthede om te benut!

## 1. KLUB PRESTASIE:

1.1 **Uitslae van PSSA Salonne (vir 2023-2024 Impala jaar):**

- Die syfers is die aantal aanvaardings wat elkeen ontvang het.

| Naam | Kroonstad | MFFC | Naam | Up & Coming |
|---|---|---|---|---|
| Neels Beyers | 4 | 3 | **(Skoliere)** | |
| Andre de Koker | 3 | | Alexa Bothe | 2 |
| Christo Giliomee | 1 Meriete en 5 | 2 Meriete en 9 | Lizhan Ruschenbaum | 1 Meriete en 5 |
| Niel Goslett | 1 | 9 | Antonique Delport | 1 |
| Quintus Heine | 1 | 6 | **(1-3 ster)** | |
| Theo Potgieter | | 3 | Jean Rheder | 1 Meriete |
| Juliana van Dyk | 4 | 2 Meriete en 8 | Cobus Carstens | 2 |
| Adriaan v Zyl | 4 | 7 | Kathy Smith | 3 |
| Karen v Zyl | 1 | 1 Meriete en 8 | Anré Uys | 3 |
| Mariana Visser | 2 | 1 | | |
| Judie Visagie | | 1 | | |

**Baie geluk aan elkeen.** Spesiale vermelding vir ons juniors. Hulle het baie goed gedoen met die "Up en Coming" salon! – Nou is die uitdaging daar om gereeld in te skryf by ander salonne!!

## 2. NUUS VAN DIE PSSA

2.1 **Wes Kaap foto- fees begin 9 November**
Verlede jaar het ons die WCPF se foto-fees in November gehad met 'n foto uitstalling in Groot Constantia. Toe was Kaapstad die gasheer. Hierdie jaar is Paarl die gasheer en word so uitstalling in die Paarl gehou. **Dagboek gerus 9 November asseblief**

2.2 In 2025 word die **PSSA se kongres** in Struisbaai gehou. (CPTS is gasheer) Dit sal 10-14 Augustus 2025 wees.

2.3 Die jaar se **PSSA kongres** word in Parys (Vrystaat) gehou Lees meer daaroor in https://pssa.co.za/pssa-national-congress-2024/

## 3 WEN-FOTO'S VAN Julie 2024- Tema – Vaste kategorie: Creative or Visual Art

| | |
|---|---|
|  |  |
| **Seascape : Phillip de Lange**<br>**Wenner: Vaste kategorie en Maandwenner** | **Tree Expanding: Neel Beyers**<br>**2de Vaste** |
|  |  |
| **Tender Love: Karen van Zyl**<br>**Wenner: Ope kategorie** | **Dance of the Waves: Karen van Zyl**<br>**2de Ope** |
|  | |
| **Bugle Lily: Kathy Smith**<br>**Junior Wenner** | |

**Baie geluk aan die Maandwenners!!!!**

## 4. PROGRAM 2024

**Die program vir 2024 se kompetisie – en die vaardigheidsaande is op ons webtuiste aangebring.**
**www.tafklub.co.za**
**Onthou van ons Fotografie naweek – laaste naweek in Aug. in Lambertsbaai!**

## 5 JULIE 2024: BYEENKOMSTE

5.1 **Kompetisie Julie: Monochrome**

- Die maand se klubkompetisie is **23 Julie** en die sluitingsdatum vir inskrywings is **17 Julie.**
  **Die vaste tema is: Monochrome en die beoordelaar is Kim Stevens.**
  **Definisie: Let asb. op die definisie hieronder:**
  **A black and white work fitting from the very dark grey (black) to the very clear grey (white) is a monochrome work with the various shades of grey. A black and white work toned entirely in a single colour will remain a monochrome work able to stand in the black and white category. Manipulation is allowed.**

- **Let wel dat Junie – Sept. slegs Zoom vergaderings gaan wees. Ons sal dit aan die einde van die jaar herevalueer.**

5.2 **Vaardigheid. Om Voëls goed te fotografeer**

- **Voël- fotografie:** Melanie Cornelius praat **Dinsdagaand 9 Julie 19:00** met ons oor Voël- fotografie. Die kompetisie vir Voël- fotografie is eers in November.
- **Uitstappies:** Hou die WhatsApp groep dop vir meer inligting. Juliane sal meer op die WhatsApp groepe berig.

## 6 KOMPETISIES – HOE DINK BEOORDELAARS?

Die afgelope week het twee lede by my navraag gedoen: *"Hoe dink beoordelaars en wat beteken die punte regtig?"* Ek het dit goedgedink om iets hieroor te probeer skryf: Hier is paar breë opmerkings-veral oor die punte. Soos in alles in fotografie, is selfs my breë opmerkings subjektief.

Dit is belangrik om die volgende in die begin te noem:
**Klubfotografie fokus op die saamwees, die deel van die passie en om mekaar se foto's te geniet en te vier. Ons is almal bly as lede se foto's goed doen en ons geniet fotografie in al sy vorms. Kompetisies is maar een komponent van klubfotografie.**

In die proses om te groei in jou fotografie en jouself met ander mense te vergelyk om jou eie vordering dop te hou, speel die inskryf by klubkompetisies en salonne tog 'n belangrike rol.
Kom ons kyk so bietjie oor wat gebeur by die onderskeie kompetisies waarvoor jy inskryf.

**Wat gebeur tydens klubkompetisies**?
In klubkompetisies is die doel om jou te help om jou foto's te ontleed. Die beoordelaar wil jou help om jou eie foto's vanuit iemand anders se perspektief te bekyk.
Deesdae is beoordelaars bevoorreg om foto's voor die tyd te kry en dit goed te bestudeer. Hulle neem 'n paar minute om na die foto te kyk en gee hulle (subjektiewe) advies, hoe die foto's beter sal lyk as jy dit anders neem of anders redigeer. Die doel is dat jy krities na jou eie werk kyk en groei. Dis nie lekker as 'n beoordelaar 'n foto waaraan jy baie tyd en passie spandeer het, ontleed en opmerkings maak nie. As jou eie teleurstelling verby is en jy terugkyk, is dit daardie oomblikke dat iemand jou foto krities beskou het – wat jou help om te verbeter. Gelukkig is beoordelaars normaalweg baie behulpsaam met hulle advies.

Hoewel elke beoordelaar subjektief is, is hulle goed opgelei om in die algemeen 'n ingeligte evaluasie te maak. Maar die positiewe is dat selfs beoordelaars verskil dramaties van mekaar. Dis wonderlik – anders sou almal se fotos of goed of swak wees. Nou gee iemand 'n ingeligte maar subjektiewe mening en **jy besluit self of jy jou aan die advies en beoordeling gaan steur**.

**Daar is 'n doelbewuste poging van PSSA om punte landswyd in klub en salonne op dieselfde beoordelingskriteria te bring.** Dit beteken – Dit maak nie saak of die foto op klubvlak of salon ingeskryf word nie. Die kriteria en punte waarop die foto beoordeel word, gaan moontlik dieselfde wees. Maar steeds is dit net riglyne.
**Tafelbergklub het nog altyd goed gedink o**m aan te sluit by PSSA se beoordelingkriteria. (ook toe PSSA die riglyne aangepas het) Dit maak dit vir ons almal makliker. Op klubvlak maak dit nie regtig saak watter kriteria 'n klub gebruik nie (die uitkoms behoort dieselfde te wees). Ons het besluit om dit vir lede minder verwarrend te maak, daarom werk ons op PSSA se riglyne.

**Punte word uit 15 vir 'n foto gegee. Dit beteken gewoonlik die volgende:**

| | | |
|---|---|---|
| **Breedweg:** | **7-8** | **Swak** |
| | **9-10** | **Gemiddeld** |
| | **11-13** | **Goed** |
| | **14-15** | **Uitstekend** |

**Meer gedetailleerd kan die volgende help om die punte te verstaan:**
*(Omdat ons in die klub lede wil help om in salonne te vorder-sluit ek 'n sin oor hoe so foto moontlik by salonne sal presteer ook hierby in)*

6 diskwalifikasie
7 Die foto is in verkeerde kategorie of voldoen glad nie aan die basiese vereistes nie.
8 Die foto is nie van goeie standaard nie – Probeer die foto weer neem of verander jou kamera stellings (Beoordelaar moet hier advies gee- hoe om dit te verbeter)
9 Gemiddelde foto met heelwat tekortkominge. Dit sou reggestel kon word. (Beoordelaar moet hier advies gee- hoe om dit te verbeter)
10 Gemiddelde foto met min impak wat in sy huidige vorm nie tot 'n salon aanvaarding sal lei nie. (Beoordelaar moet hier advies gee hoe en of dit verbeter kan word )
11 Goeie foto maar daar is tekortkominge. Dit het potensiaal het om by 'n salon aanvaar te word indien daar regstellings gemaak word. (Beoordelaar moet hier advies gee- hoe om dit te verbeter)
12 Goeie foto. (kommunikeer goed; tegnies goed) Die kans is redelik dat dit by salon aanvaar kan word.
13 Goeie foto met goeie impak- wat (volgens beoordelaar) by salon aanvaar sal word
14 Uitstekende foto met hoë groot impak. Dit staan 'n baie goeie kans om te kwalifiseer vir merietetoekenning by salon
15 Perfekte foto vanuit oogpunt van die beoordelaar

Indien 'n beoordelaar vir jou minder as 12 uit 15 vir 'n foto gee – **moet** hulle dit motiveer en **advies** gee hoe om dit te verbeter.

Ons sisteem werk op 'n glyskaal. Dit beteken elkeen word volgens sy eie ondervinding en gradering gemeet. Die doel is om 'n goud te verdien. 'n 1-3 ster kan met 'n 9-10 punt foto 'n goud verdien maar 'n 5 ster fotograaf moet 12 hê vir goud.

**Hoe werk 'n salon?**
Met salonne is daar drie beoordelaars wat 'n paar sekondes het om na jou foto te kyk. Hulle beoordeel gewoonlik tussen 400-800 foto's in 'n kategorie. Hier is ervaring en 'n geoefende oog belangrik vir die beoordelaars. Beoordelaars leer om vinnig goeie kenmerke en minder goeie kenmerke raak te sien. Daar is drie beoordelaars wat onafhanklik van mekaar, sonder om dit te bespreek- na die foto kyk en dit evalueer (Elkeen met sy eie kennis, ervaring en subjektiewe oog). Die kans dat die beste foto dan bo sal uitkom is baie groot, want al drie beoordelaars moet 'n foto hoog merk om bo uit te kom. Goeie foto's staan gewoonlik uit en kies hulself. Daar is baie faktore wat 'n rol speel in die beoordeling, maar wees verseker van elke beoordelaar se integriteit. Die naam van die foto word meestal nooit gelees nie en elke beoordelaar beoordeel slegs wat hy/sy sien. Hulle maak geen aannames nie. Elke foto word op sy eie beoordeel.
**By 'n salon werk die puntetoekenning dieselfde- (sien die breedweg riglyne)**
Elke beoordelaar gee indiwidueel op dieselfde manier punte as wat hierbo omskryf word – Die drie se punte word bymekaar getel om 'n finale punt uit 45 te kry.

**Subjektief:**
Met klubfotografie-veral as daar net een beoordelaar is, is lede baie meer uitgelewer aan een persoon se subjektiewe oordeel. Dit gebeur gereeld dat 'n foto wat in die klub goed doen of wen, nooit in enige salon vorder nie, maar dan kry jy ook foto's wat op klubvlak glad nie goed doen nie wel by salonne aanvaar word. Dit is die rede waarom klubkompetisie meer fokus op die leerproses om jou foto's te verbeter en salonne meer fokus op die kompetisie. Alles is maar daar om jou fotografie te verbeter. As 'n mens goed hieroor nadink, is die menslike faktor in die beoordeling van foto's die sterkpunt in beoordeling. Dit beteken dat daar altyd verskil in mening gaan wees en dat nie twee persone dieselfde dink oor 'n foto nie. **<u>Enige beoordeling bly maar 'n subjektiewe mening en jy as fotograaf besluit self in watter mate jy jou daaraan gaan steur!</u>** Dit is ook belangrik dat klublede ook hulle beste foto's by klubs moet inskryf, want ander lede van die klub leer daaruit en dit gee 'n goeie riglyn.

**Help dit as jy inskryf?**
As jy nie by 'n klub kompetisie inskryf nie, gaan niemand jou advies gee hoe om jou foto te verbeter nie.- jy groei dus nie. As jy nie jou beste foto's inskryf nie, help jy ook nie ander klublede om te groei nie. Klubkompetisie is gemik om by mekaar te leer en mekaar se foto's te geniet. Salonne is weer goed om jou foto landswyd te meet teen ander inskrywings. Onthou as jy 'n aanvaarding kry by 'n salon is jou foto van die top 20 % in die land – dis baie goed. Dit word ook anoniem hanteer dat 'n beoordelaar of ander nie weet watter foto is wie sin nie.

Ek dink -elkeen moet probeer om een tot vier foto's gereeld by salonne in te skryf. Neem vrymoedigheid om my te vra om 'n senior fotograaf aan jou toe te wys wat jou advies sal gee met jou salon inskrywing – Ons is hier om mekaar te help.

## Maar as ek dit alles gesê het - is die volgende van uiterste belang:
Ons elkeen neem foto's vir die plesier, passie en jou persoonlike weergawe van die mooi skepping. **Ons neem nie foto's net om aan kompetisies deel te neem nie**. Kompetisies is daar op jou te help om te groei maar niks meer nie. **Op die einde besluit jyself wat jy met jou foto gaan maak en of dit 'n goeie foto is wat jy geneem het**.

## 7. LAASTENS
*My wense is dat elke lid van Tafklub die maand sy/haar se passie vir fotografie sal uitleef!!!*

**Quintus Heine**